# TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION

## HUMAN RIGHTS VIOLATIONS

## QUESTIONS AND REPLIES

## SECTION 29 INQUIRY

DATE: 9 JUNE 1997

NAME: SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN

CASE: JOHANNESBURG

DAY: 1

---

MR WAGNER: ... Snr Supt Van der Westhuizen. Yes, we received the notice and we are quite happy and glad to be here this morning and you may proceed with the questioning. I have nothing else to say at this stage.

DR ALLY: Okay. Let me just stress then that this Section 29 hearing is part of an ongoing investigation by our investigation unit, in particular the Gauteng unit. The Gauteng unit is part of an national investigation unit. I have the head of the head of the Investigating Unit with me here, Andre Steenkamp, Adv Steenkamp and Wessel van Rensburg who is here with us, one of our investigators. Wessel is actually going to be leading more questions. I am Dr Ally, I am a member of the Human Rights Violations Committee, and it is the Human Rights Violations Committee that is initiating this hearing.

So before we actually begin I am going to ask Andre if he would please administer the oath.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

JACOBUS LODEWIKUS VAN DER WESTHUIZEN: (Duly sworn, states).

DR ALLY: Mr Wagner, you have advised your client of the procedures and what is expected of him?

MR WAGNER: Yes, Mr Chairman, I think we can proceed, I think everything will go fine this morning.

DR ALLY: Thank you very much.

ADV VAN RENSBURG: Snr Supt Van der Westhuizen, goeiemôre, ek is baie bly om u hier uiteindelik te sien. As ons miskien dalk net so in die algemeen kan begin. Kan u net vir ons 'n uiteensetting gee van u beroepslewe in die Mag, hoe het u gekom waar u vandag is?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dan moet ek my hele geskiedenis gee.

ADV VAN RENSBURG: Ag, 'n kort opsomming van die eenhede ensovoorts, waar u gedien het voor ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek het in 1976 in die Polisie begin, waar ek gestasioneer was op Westonaria. Ek het in 1984 offisier geword, waarna ek kort daarna verplaas is na Vereeniging toe, waar ek in 1985 die stafoffisier van die destydse Distriks Kommissaris gewerk het, en ongeveer die einde '85 tot 1989 was ek die stasiebevelvoerder by die beraad. Einde 1989 is ek verplaas na die Munisipale Polisie-eenheid toe, die Suid-Afrikaanse Polisie het dit oorgeneem het as die bevelvoerder daar. Tot ongeveer, ek dink 1992, wat ek teruggeplaas is na die gebiedskantore toe, tot nou laas jaar, Maart, April, laas jaar, wat ek daar gewerk het. Toe is ek aangestel as die stasie kommissaris, Everton, tot waar ek huidiglik daar is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Nou kan ek net vir u opklaar. U sê u het toe die Suid-Afrikaanse Polisie die Munisipale Polisie daar oorgeneem het, was u toe bevelvoerder van die Sebokeng polisiestasie op 'n stadium gewees?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek was nie van die Sebokeng polisiestasie nie, ek was van die Munisipale Polisie. Hulle het apart gestaan van die SAP daardie tyd.

ADV VAN RENSBURG: Tot en met '92?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, wel, kyk, hulle het - nee, kyk, tot 1989, Oktober, November 1989, was hulle geïnkorporeer in die Suid-Afrikaanse Polisie in en omtrent op daardie stadium het ek oorgeneem, is ek verplaas as bevelvoerder na die eenheid toe om die transformasie of herstruktureringsproses aan die gang te kry, om hulle in te skakel by die Suid-Afrikaanse Polisie.

ADV VAN RENSBURG: Op daardie stadium, wat was die doel van die Munisipale Polisie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Die Munisipale Polisie was aangestel met die oorspronklike doel om Raadseiendom, Stadsraadeiendom te beskerm en take uit te voer vir die Stadsraad. Dit was hulle, as gevolg van die onluste wat daar geheers het, was daar gevoel daar moet 'n mag geskep word om die Raad se eiendom te beskerm. Dit was die oorspronklike doel van hulle gewees en dit is hoe hulle begin het.

ADV VAN RENSBURG: Hierdie munisipale polisiestasie, hoe naby is dit geleë aan die polisiestasie, die Sebokeng Polisiestasie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, waar my kantoor was, kon ek kyk op die Sebokeng Polisiestasie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: En hoe ver is hierdie polisiestasies geleë van die Sebokeng hostelle min of meer?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek het, kyk, my kantore was seker so 'n kilometer vanaf die hostelle, maar ek het ook 'n polisiestasie gehad, of 'n satelliet gehad wat ongeveer regoor die hostelle was.

ADV VAN RENSBURG: Wanneer het hierdie satelliet stasie geopereer?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek het hulle daar kom vind.

ADV VAN RENSBURG: Ja, ek bedoel, hierdie satelliet polisiestasie reg oorkant die hostelle, van wanneer af was hulle daar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie. As ek moet raai sal ek sê die tyd wat die Munisipale Polisie begin het, ongeveer, ek dink dit was seker hier in die omgewing van einde '84, begin '85, in daardie omgewing.

ADV VAN RENSBURG: September 1990, was hulle toe daar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Nee, goed. U het netnou gepraat van die onluste in die gebied. Nou na u mening wanneer het die geweld, ek praat nou van die geweld in die negentigs, wanneer het dit begin?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek sal moet sê daar was voortdurend geweld gewees, deurlopend geweld gewees, maar ek kan nie vir u die datum sê hierso wanneer presies het dit begin nie.

ADV VAN RENSBURG: Was daar geen piektye waar daar meer geweld plaasgevind het of minder geweld plaasgevind het nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek dink van 1985 af regdeur was, het daar geweld plaasgevind. Daar was afplatting en dan weer 'n opstanding,

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

maar ek, ongelukkig sal ek nie u weet, vir u datums hier kan gee om te sê wanneer was die piek of wanneer was die laagtepunt gewees nie.

ADV VAN RENSBURG: Daar het verskeie massamoorde tussen 1990 en 1993 in die Vaal area, die algemene gebiede, veral in Sebokeng plaasgevind. Is u bewus daarvan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek is bewus daarvan.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Hoeveel manskappe het die Munisipale polisiestasie gehad in September 1990?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek moet net sê daar was nie net een polisiestasie betrokke nie. Die Munisipale Polisie se komponent, Lequa, Everton het seker maklik op daardie stadium, seker 500 polisiemanne gehad, met sewe, agt polisiestasies. So dit was 'n redelike groot komponent gewees.

ADV VAN RENSBURG: En onder u bevel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Almal.

ADV VAN RENSBURG: Almal?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Almal.

ADV VAN RENSBURG: By die spesifieke polisiestasie, langs die Sebokeng Polisiestasie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, die een, die een langs Sebokeng Polisiestasie was eintlik meer, wat ons genoem het die hoofkantoor. Dit was die hartklop, u weet, waar al die admin gedoen was. Dit was waar my kantore was. Daar was 'n personeel van 10 en direk langs hulle was daar 'n kleiner komponent, so 'n tipe van 'n opruimingseenheid wat seker so 30, 40 man sterk was.

ADV VAN RENSBURG: Het die polisiestasie of enigeen van hierdie polisiestasies Casspirs tot hulle beskikking gehad?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Hoeveel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink daar was omtrent, in totaal by hierdie polisiestasie, seker so sewe Casspirs.

ADV VAN RENSBURG: Sewe?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, dit kan ...

ADV VAN RENSBURG: Min of meer.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, dit kan, dit is min of meer.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Ek wil net weet, hierdie Casspirs was hulle toegerus met radios?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, party was toegerus, party was nie toegerus nie.

ADV VAN RENSBURG: Is dit. Was daar patrollies deur die Munisipale Polisie of deur die Sebokeng Polisie of miskien die onluste-eenheid in Sebokeng in hierdie stadium?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, sover ek weet, ja.

ADV VAN RENSBURG: En in die nag ook?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Hoe spesifiek is hierdie patrollies gereël? Volgens watter grondslag sou hierdie patrollies in daardie gebied rondgaan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis moeilik om te sê. Op daardie tyd, u weet, maar kom ons sê dit was - jy het die polisiestasies gehad wat geopereer

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

het. So hulle het sekere take gehad om te verrig, soos om Raadseiendom te besoek, soos om op die uitkyk te wees vir geweld. So daar was altyd mense aan diens en as hulle nie klagtes bygewoon het nie, moes hulle patrolleer.

ADV VAN RENSBURG: As, kom ons sê die onluste-eenheid kom op 'n voorval van geweld. Hulle stuur 'n rapport. Hoe sou u daarvan uitvind, as Mnisipale Polisie, en sê maar dit vind plaas binne u gebied.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ons het, daar wat my kantoor was, soos ek nou net gesê het, daar langsaan waar daardie opruimingseenheid was, het ons 'n tipe van 'n radiobeheersentrum gehad. Iets wat ek net hier moet sê, is die Munisipale Polisie het hulle eie radios gehad, wat oorgeneem is na die Suid-Afrikaanse Polisie. So hulle het op beraadskanale gewerk, hulle het nie op die amptelike polisiekanale gewerk nie. So toe het ons 'n tipe van 'n radiobeheersentrum gestig waar daar een sentrale radio was, sodat as daar berigte van die onluseenheid sou kom, sou dit na hierdie radiosentrum deurgekom het en hy sou dit weer versprei het na die Munisipale Polisie voertuie om te sê wees op die uitkyk vir dit of nou op die uitkyk vir dit.

ADV VAN RENSBURG: En andersom om ook?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is moontlik, ja.

ADV VAN RENSBURG: Ja.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is.

ADV VAN RENSBURG: Sê my hierdie, waar was hierdie sentrale beheersentrum geleë?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit was langs my kantoor, reg oorkant Sebokeng Polisiestasie.

ADV VAN RENSBURG: Was dit deel van u kantoor of was dit deel van die Sebokeng Polisiestasie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, dit is deel van die Munisipale Polisie.

ADV VAN RENSBURG: Ja. So goed. Nee, goed. Kan ek net vra, wie was u tweede in bevel op daardie stadium? In September 1990.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis moeilik, hulle het gewissel. Dit was of 'n adjudant-offisier Coetzee of adjudant-offisier Duper, of adjudant-offisier Steyn. Die manne het baie gewissel daarso. In my eie kantoor was, glo ek, in daardie tyd, was dit adjudant-offisier Coetzee gewees.

ADV VAN RENSBURG: Hoe sou u die verhouding tussen die Munisipale Polisie en die Sebokeng-gemeenskap beskryf op daardie stadium?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink nie die vertroue was baie goed gewees nie. Daar was nie vertroue in die polisie gewees nie, so die verhouding was nie baie goed nie.

ADV VAN RENSBURG: Wat sou u as die rede sien daarvoor?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek dink die tydperk waarin ons beweeg het, die "struggle", dan moet ons ook sê dat die Munisipale Polisie het 'n reputasie gehad as - kom ons gebruik die woord, wild, u weet, onbeheerd, ek dink nie die polisie in die algemeen, dit maak nie saak of dit MUNPOL of SAP was, het 'n goeie naam gehad daardie tyd nie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Nou miskien om nou meer spesifiek na die insident waarvoor u vandag hierso is. Wanneer het u vir die eerste maal te hore gekom van die skietvoorval op die 4de September?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR WAGNER: Sorry, Mr Chairman, can I ask something, as we are now moving on to this specific incident of the 4th of September. Is my client here, is he a suspect of having committed any human rights violations at all? We would like to know that, and if so, what.

DR ALLY: No, we are investigating this incident because we have had a number of witnesses come forward during our Human Rights Violations Committee hearings, to give their account of what happened on that night, the 3rd, 4th of September 1990, when residents were attacked; that certain allegations have been made that there was Inkatha involvement, that there was Third Force involvement, namely Vlakplaas, that the attackers, that they were white people with balaclavas who covered their hands; that Temba Khosa was allegedly seen, and that when people actually reported this incident, their belief is that the Police acted very tardily, worse, that there may have been a cover-up, that the Police responded late, and that with the actual inquest, subsequent to this event, that there as an elaborate cover-up. Now what we are trying to do is to establish as much of the truth around this event, as possible. Given that your client was quite central, in a central position at that time and has made certain statements regarding his role, his involvement, we are using this opportunity to try and get his version, his account. So there is no suggestion that he is a perpetrator or that he is guilty of anything. It is for us to establish from him as clear an account as possible, and also to compare that version with other versions which have been received by amnesty applications, or through other Section 29 subpoenas. So there is no question of your client being on trial. This is not a court hearing.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR WAGNER: Thank you, Mr Chairman. All I want to know is that in view of what you have just said, is that you have evidence that the Police were part of a cover-up and that ... (intervention).

DR ALLY: And that we have allegations and that we are testing. Okay, we at this stage, there is nothing that we are saying that is irrefutable evidence, these are allegations. These are versions and all of these have to be tested and this is part of an ongoing investigation. So what we have are versions of the events, and this is what we are testing.

MR WAGNER: Yes, whether it is a version or an allegation, I think in my language it is evidence, whether it is untested evidence or not, it is evidence. All I want to know, Mr Chairman, is any of these allegations evidence, whatever they may be, does it reflect on this client of mine? Do you have any allegations that he was part of a cover-up, that he acted tardily as you have said, and if so, we would like to know what they are, and if not, then we are happy to proceed.

DR ALLY: Well, let us proceed, because I think during the process of the questioning it would become clear. It is difficult for me to answer in the abstract, because as I say it is not about putting your client on trial. This is not a court hearing. This is to put questions to him, and if at any point you feel that the questions are perhaps incriminating, or would incriminate your client, then you are free to say so, although you do know that in terms of this hearing, we are allowed to ask questions which are incriminating and that we are in constant communication with the Attorney-General's office on this issue. But I think that it is best for us to proceed and in the process things will become clearer. If you

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

are unhappy you can then ask more specific questions. But I think it is difficult for me to answer your questions now, before we proceed further.

ADV VAN RENSBURG: Kan ek net nie dalk net - het u die lêer ontvang met die inligting in verband met hierdie voorval?

MNR WAGNER: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Ek kan u dalk net gerusstel. Daar is geen informasie wat nie in daardie lêer bevat word waaroor ons nie u kliënt oor gaan vra nie. So u is in besit van al die informasie wat ons oor beskik, as dit u dalk gerus sal stel.

MNR WAGNER: Ja. Thank you. No, if that is the answer, then we accept that Mr Van der Westhuisen is not a suspect and that you have no allegations against it, and we can proceed.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Om terug na my vraag te kom. Wanneer het u vir die eerste maal te hore gekom van die geweld wat plaasgevind het op 4 September?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Toe ek by my huis geskakel was.

ADV VAN RENSBURG: Wie het u geskakel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet spesifiek dat mnr Klaas Louw, wat op daardie stadium die stadsklerk was, my geskakel het en gesê het hy hoor dat daar probleme is by Sebokeng hostelle, en ek glo dat van my ander polisiemanne, soos sers Mkolokoto het ook vir my geskakel en beheersentrum het my ook geskakel.

ADV VAN RENSBURG: Glo u dat sers Mkolokoto het u geskakel of weet u hy het u geskakel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sal sê hy het my geskakel, ek ...

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Goed. U is ook bewus van die Temba Khosa saak in verband met die besit van onwettige wapens en ammunisie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

ADV VAN RENSBURG: In daardie saak het u 'n verklaring afgelewer, ek dink u beskik oor 'n kopie daarvan. In die spesifieke verklaring sê u dat u vir sers Mkolokoto geskakel het, en nie hy vir u nie. Hoe kan u, hoe verklaar u dit?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, soos ek sê, ek het 'n oproep van Louw gekry, maar ... (tussenbeide).

MR WAGNER: Ekskuus tog net mnr Van Rensburg, waar in die verklaring staan dit dat die kolonel vir Mkolokoto geskakel het?

ADV VAN RENSBURG: Die derde paragraaf staan daar:

> "Ek het per radio gekontak by nommer ..."

En dan gee hy die nommer van sers M Mkolokoto vasgestel.

MNR WAGNER: Wat daar staan, daar staan nie wie het vir wie geskakel nie, so laat ons nie met woorde speel nie.

ADV STEENKAMP: Miskien moet ons dit net duidelik kry, miskien moet u vir ons sê wie het u ingelig en wie het u, vir wie het u geskakel en wie het u geskakel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek het niemand geskakel nie. Ek weet spesifiek dat mnr Klaas Louw mygeskakel het, maar soos ek sê ek kon ander oproepe ook gekry het, dit is nie onmoontlik van - van my mense wat op daardie stadium aan diens was, kon ek ook oproepe gekry het.

ADV VAN RENSBURG: Hoe sou u per radio kontak gemaak het met sers Mkolokoto?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Van my huis af.

ADV VAN RENSBURG: Het hy 'n radio by sy huis beskikbaar gehad?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek glo hy het radios gehad, ons het almal daardie tyd, was ons almal uitgereik met handradios, en so het ons kontak gehou met mekaar, dit is die beste manier van kommunikasie.

ADV VAN RENSBURG: So al die munisipale polisiemanne was uitgereik met radios?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sal nie sê almal nie, maar die wat in redelike bevelsposisie was en by my kantoor gewerk het, het radios gehad.

ADV VAN RENSBURG: Sersant Mkolokoto het 'n verklaring by hierdie kantoor afgelê waar hy sê dat hy na hierdie - ook hierdie ontploffings gehoor het, is hy na die Lekoa Polisiestasie om u te gaan kontak. Hoekom sou hy dit gedoen het as hy 'n radio by hom gehad het by sy huis?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, my radio by my huis is af, ek lê nie met my radio aan nie. As hy my wil kontak sou hy my moes skakel voor ons oor die radio dan met mekaar kon praat.

ADV VAN RENSBURG: Nee, goed, ek dink nie u verstaan my vraag heeltemal korrek nie. Hoekom sou sers Mkolokoto van sy huis af na die munisipale polisiestasie toe gegaan het, as hy nie 'n radio gehad het nie, ek bedoel as hy 'n radio gehad het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek kan nie verduidelik vir sers Mkolokoto hoekom sou hy dit aangepak het nie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. So u sê hy het u basies eers telefonies geskakel en toe het u op die radioverbinding ...

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, soos ek sê, ek kan dit nie onthou nie. Dit is moontlik, u weet, ek sal dit nie kan ontken as hy sê hy het dit gedoen nie. Dit is moontlik, maar laat ons oor die radio met mekaar kontak gehad het, ja.

ADV VAN RENSBURG: Nou wat het hy toe aan u meegedeel, toe u met hom gepraat het.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hy het vir my gesê dat daar moeilikheid is by die hostelle en dat die mense wegvlug vn die hostelle af en dat daar ontploffings ensovoorts, was.

ADV VAN RENSBURG: So u het aangeneem op die stadium dat hy het toe alreeds hom vergewis het van die situasie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, nee, ek sal nie sê dat hy homself vergewis het nie, u weet, dit is moeilik om jou te vergewis van die situasie, tensy jy na die oorsprong toe gaan. Almal is bang, almal sê daar is skote en daar is ontploffings en goed, iets gaan aan by die hostelle. Ek dink dit was meer die trant van die gesprek.

ADV VAN RENSBURG: Hoe laat het hy gesê het hy hierdie skote gehoor?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink dit was so, hy het gesê dit was so van eenuur, halfeen, eenuur se kant af, het hy dit gehoor.

ADV VAN RENSBURG: Het hy gepraat net van skote?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink hy het gepraat van ontploffings ook.

ADV VAN RENSBURG: Skote en ontploffings.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Wat was u reaksie op die informasie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wat was my reaksie?

ADV VAN RENSBURG: Ja, wat het u aan hom meegedeel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek glo dat wat ek aan hom sou gesê het is dat ek sou uitkom soontoe om te kom kyk wat aangaan.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Hoekom het u spesifiek vir sers Mkolokoto geskakel? Waar, wat, waar in die bevelstruktuur van die munisipale polisie was hy?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Sers Mkolokoto het by my kantoor gewerk, in 'n admin-hoedanigheid. So in die normale bevelstruktuur sal ek hom nie geskakel het nie, maar ek sê omdat ek verneem het dat daar 'n gesprek was tussen ons, wat hy my miskien geskakel het, was dit die aanknopingspunt van waaraf die dinge dan begin loop het.

ADV VAN RENSBURG: Nee, goed. Goed. Hoe laat het u min of meer met hom gepraat?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie, dit was vroeg, vroeg oggend, ek sal moet raak as ek moet sê. Dit kan drie-uur wees, dit kan vieruur wees, ek sal moet raai.

ADV VAN RENSBURG: As sers Mkolokoto die geweerskote so eenuur, halfeen se kant gehoor het, en hy u geskakel het, hoekom sou hy u eers drie-uur geskakel het, twee en 'n half ure daarna?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek weet nie, dit sal ek nie weet nie. As ek moet raai, sal ek sê, u weet, 'n mens is by jou huis, 'n mens praat van tye, dit is moeilik om sewe jaar na die tyd te sê dit was so laat of dit was so laat.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

U weet, tye is moeilik op daardie stadium. 'n Mens let nie op tye nie, ek dink dit is die een ding. Die ander ding is dit, soos hy sê hy het van sy huis af beweeg na die Lekoa-kantore toe om my te skakel. So dit is regtig moeilik om nou spesifiek tye vas te maak.

ADV STEENKAMP: Kan ek miskien net daar vra, ekskuus tog. Ons kyk na u eie verklaring. U sê daar u is eenuur gekontak, paragraaf 3. Paragraaf 4 sê u sesuur. 'n Hele klomp uur daarna het u weer saam met die ander lede by die hostelle inbeweeg om te kyk wat die posisie is daar. Ek dink die tydverskil, dit sal u sekerlik met my saamstem, dit lyk baie snaaks, vyf ure na die tyd. Eenuur is u geskakel, ontploffings of u het vir Mkolokoto of wat ook al geskakel.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nee, wag, as julle kyk na my verklaring, sê ek ek het vieruur 'n oproep ontvang van Louw, sê ek dit in my verklaring, en toe het ek met Mkolokoto kontak gemaak en toe het ons uitbeweeg. Ek dink nie daar is nie 'n vyf ure speling nie.

ADV STEENKAMP: Wel, eers sesuur dan.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Sê weer?

ADV STEENKAMP: U het eers sesuur daarnatoe gegaan, na die hostels toe gegaan.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV STEENKAMP: Is dit nie vir u snaaks nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: Ek wil nou net graag opheldering hierso kry. Op watter stadium het u vir die eerste keer met sers Mkolokoto gepraat? Was dit vieruur die oggend, die eerste keer wat u met hom gepraat het?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: As ek moet gaan volgens my verklaring, sal ek sê ja, na die oproep wat ek gekry het van sers Mkolokoto, ag, van mnr Klaas Louw.

ADV VAN RENSBURG: Nee, as u volgens u geheue nou moet gaan. SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, dit is baie moeilik. Eerlik, om volgens my geheue te gaan om te sê dat "yes", die oproep was so laat of was so laat gewees. Dit is baie moeilik. Maar ek, my aanknopingspunt is vieruur van mnr Louw.

ADV VAN RENSBURG: Het u vir sers Mkolokoto gevra hoekom as hy al eers skote tussen om en by halfeen, eenuur gehoor het en bomontploffings, hoekom hy u nie vroeër geskakel het nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, soos ek sê, u weet, ek moet verstaan die situasie waar hy bly, 'n ou hoor skote, 'n ou beweeg uit, 'n ou kyk nie op die horlosie daai tyd nie. U weet, vandag sit ek hierso en praat oor 'n ding wat sewe jaar terug gebeur het, en om spesifieke tye te onthou, dit maak dit vir my moeilik.

ADV STEENKAMP: Ekskuus tog, het u nie rekord gehou nie en sakboeke of enigiets van die aard nie? Het u nie gedink - ekskuus tog, het u nie rekord gehou in u sakboek nie? Het u nie aantekeninge gemaak nie, het u nie later gerapporteer hieroor nie, of is dit, hierdie verklaring die enigste weergawe wat u het oor van die voorval wat u self op skrif geplaas het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nee, daar is nog 'n verklaring van wat by die geregtelike doodsondersoek gebruik is.

ADV STEENKAMP: En sakboeke ensoovoorts, niks nie?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja. Nee, ons het nie sakboeke aangehou nie, meneer, ek was 'n offisier gewees, ons het 'n dagboek aangehou.

ADV STEENKAMP: En hetu Mkolokoto se sakboek nagegaan op 'n stadium?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: Ek wil jou sê, ek is nie seker van sy rang nie, ek weet nie of dit op daardie stadium 'n luitenant of kaptein Van der Lith was nie, was daar so 'n persoon by u?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Adjudant-offisier Van der Lith.

ADV VAN RENSBURG: Adjudant-offisier Van der Lith.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Mkolokoto sê in sy verklaring dat Van der Lith ongeveer drie-uur die oggend by Lekoa Munisipale Polisiestasie aangekom het. Is dit waar of is dit onwaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN:

Nee, ek sal nie weet watter tyd het Mkolokoto, ag, Van der Lith daar aangekom nie.

ADV VAN RENSBURG: Mkolokoto sê dat nadat hy met u gepraat het, het u geonderneem om Van der Lith te kontak.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

ADV VAN RENSBURG: Was dit so?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek glo dit was so gewees,ja.

ADV VAN RENSBURG: So u het Van der Lith in kennis gestel van die gebeure?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ek moet aanvaar dat dit so was, ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: En as dit die geval was, hoe kan dit waar wees dat sers Mkolokoto sê dat Van der Lith drie-uur by die Munisipale Polisiestasie opgedaag het? Ek verwys nou na die verklaring van sers Mkolokoto.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Hoe is dit moontlik?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie, meneer. Soos ek sê ons speel met tye hierso, u weet, dit is so. Ek sê vieruur, Mkolokoto sê eenuur, Van der Lith sê drie-uur, dit is moontlik.

ADV VAN RENSBURG: Maar u sal toegee dat hierdie tye waarmee ons hierso van praat, selfs 'n uur hierso kon 'n paar lewens meer gekos het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, dit is, dit kon gebeur het, ja.

ADV VAN RENSBURG: So dit is redelik belangrik in die geval, selfs 'n uur is baie belangrik.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is so.

ADV VAN RENSBURG: Het u enigsins 'n - u, het u enigsins 'n verklaring vir hierdie klaarblyklike probleem hierso met hierdie twee tye?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek het nie 'n verklaring op dié stadium nie, soos ek sê ek moet staan by my verklaring wat ek gesê het dit is my tye, u weet wat sers Mkolokoto gesê het, kan ek nie voor antwoord nou nie. Ek moet staan by wat hier gesê is.

ADV VAN RENSBURG: Mkolokoto sê verder dat ongeveer 'n halfuur nadat Van der Lith daar aangekom het, het u daar aangekom.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

ADV VAN RENSBURG: Is dit ongeveer reg?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is moontlik. Soos ek sê ek weet nie hoe laat was Van der Lith daar nie, maar ek het na Van der Lith daar aangekom, ja.

ADV VAN RENSBURG: So as dit volgens u tye is, dan sou dit -sou Van der Lith eers 6,30 op die toneel aangekom het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, dit is moontlik, maar ek stem nie saam daarmee nie, want ons is dit - ons is uit, die eerste keer, soos ek sê - kyk, ek weet nie wat die tyd is nie, maar ons is uit toe dit nog pikdonker was.

ADV VAN RENSBURG: Maar u sê tog in die verklaring dit was sesuur.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Nou as Van der Lith 'n halfuur na u daar aangekom het, was dit 6,30.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nee. Nee, nee, nee, ekskuus. Van der Lith het nie na my daar aangekom nie.

ADV VAN RENSBURG: Ag, ek bedoel as u 'n halfuur na Van der Lith op die toneel aangekom het, dan moes Van der Lith seker dan halfses, 5,30 op die toneel aangekom het.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is moontlik, dit is moontlik.

ADV VAN RENSBURG: Goed.

MR WAGNER: Voorsitter, is die klaarblyklik vraag nie om vir mnr Van der Westhuizen te vra, nadat jy die oproep gekry het van Mkolokoto het jy verder gaan slaap of het jy dadelik na die polisiestasie toe gegaan of het jy eers 'n ontbyt gaan eet, wat het jy gedoen, en is die daaropvolgende vraag nie waar het jy

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

gewoon. Met ander woorde, hoe ver was jy van hierdie plek af nie. Dan kan ons miskien vorder op hierdie punt.

ADV VAN RENSBURG: Ek dink ons het die vraag reeds gevra en kolonel Van der Westhuisen kan nie antwoord gee nie, hy kan nie sê van die tye nie, hy kan nou geen tye vandag onthou nie. Hy kan blykbaar by sy verklaring bly. Hy sê self hy kan geen weergawe gee nie.

DR ALLY: I think what we are really trying to understand, is how is it that this incident begins at midnight, where there is actually first an attack on the residents, which apparently starts in the hostels, and the only time that the police apparently arrive on the scene, is five hours later at the hostels. In other words, when everything is over, that when the attackers have fled back into the hostel and when the residents actually mobilise, and the attackers are now in danger, then there is a police presence. Throughout this entire three, four hours of mayhem, when over 30 people, 38, what is it 42 people eventually were killed, there is no police presence. And that's what we are trying to understand, how - as the Snr Supt himself has said that the police station was closed, there were many muncipal police around in the are. We just want to try and get as accurate a picture as possible. Also, because there are so many conflicting versions. Some say one o'clock, some say two, some say three, some say four. So that's really what we are trying to establish. Will you just please bear with us, while we are trying to put it together.

MR WAGNER: Yes, I accept that, Mr Chairman, but as I say, maybe because of the long time lapse and vague memory and that, maybe it can help us if Mr Van der Westhuizen can give an indication what did he do from the moment he

received the call. Did he go back to bed or not. So that we can at least ascertain what his reactions were and was that timeous or not.

DR ALLY: ... could you, superindent and explain to us from the moment that he first got a telephone call. What did he do until the point that he actually arrived at the scene at the hostels itself.

Col Killian, who was unfortunately a bit too late, but has now joined us. I am sure you are familiar with Col Killian.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, wat sou gebeur het as ek my oproep gekry het, sou ek dan, as dit van mnr Louw was, soos ek sê in my verklaring, sou ek dan per radio of per telefoon by my polisiestasie vasgestel het wat die toedrag van sake was, en ek glo dat op daardie stadium het ek ook dan terugvoering gekry, was dit by sers Mkolokoto of by die beheersentrum om te sê goed, daar is moeilikheid by die hostel, om dan terugvoering te gee aan mnr Louw, van wie ek die oproep gekry het, en dan sou ek vandaar af my reëlings getref het, soos om byvoorbeeld vir inspekteur - ag, daardie tyd, adjudant-offisier Van der Lith te kontak en van my ander bevelvoerders, te kontak en te sê goed, daar is moeilikheid, laat ons uitkom, laat ons gaan kyk wat gaan aan. 'n Mens sou logies gewas het en aangetrek het en dan gery het.

DR ALLY: Just to establish. The first time that you actually hear about this incident, is it that there is trouble at the hostels, is that what you are informed about? When you first hear about what is happening - daar is probleme by die hostelle. Is that the first time that you are made aware of the situation when it has moved to the hostels already?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Yes. Ag, ja. Die eerste maal wat ek gehoor het was dat daar moeilikheid by die hostelle was, dat daar skieterye was, dat daar ontploffings was en dat die mense wegvlug van die hostelle af.

DR ALLY: And before that, not a word that there was - that before - you see, the incident at the hostel is after the incident that takes place in the community itself, not so?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Yes.

DR ALLY: You were told nothing about that incident at all, the fact that there were people who actually went and attacked residents?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

DR ALLY: Nothing?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

DR ALLY: Your first information was there is trouble at the hostel.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

ADV VAN RENSBURG: Nee, goed. As ons kan miskien net kan aangaan. U sê u het al die bevelvoerders geskakel. Nou - en het u hulle gemobiliseer of wat was u instruksies aan hulle gewees?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Meneer, ek sê nie ek het al my bevelvoerders geskakel nie, ek sê ek glo dit het gebeur dat ek mense soos Van der Lith sou gekontak het. Hoekom ek spesifiek weet dat ek Van der Lith sou gekontak het, was hy was in die kantoor langsaan by my en hulle was 'n tipe van 'n opruimingseenheid, 'n mobiele eenheid wat nie by 'n stasie betrokke was nie. So as daar sulke moeilikheid was sou hulle mense uitbeweeg het.

ADV VAN RENSBURG: In ander woorde, basies 'n operasionele tipe tak?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, so 'n tipe van 'n operasionale tak.

ADV VAN RENSBURG: Munisipale onlus-eenheid, amper.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek sal nie, ek sal nie werklik dit sê nie. Hulle groot taak was misdaadvoorkoming, opsporing van gesteelde karre en goed, maar hulle was ook - ook vir so 'n situasie sou hulle die maklikste mense gewees het om in die hande te kry om uit te beweeg.

ADV VAN RENSBURG: Goed. En hoe ver bly u van die polisiestasie af?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Seker so 20 kilometers.

ADV VAN RENSBURG: En toe u by die polisiestasie aankom, wie was daar teenwoodig reeds?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek glo Mkolokoto was daar, Van der Lith was daar en al die ander swart lede.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Wat was die situasie aldaar by die munisipale polisie, was die Casspirs al gereed om uit te gaan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek glo die Casspir van Van der Lith was reg gewees om uit te gaan, ja.

ADV VAN RENSBURG: So het u dadelik in hom vertrek.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek glo ek het onmiddellik beweeg.

ADV VAN RENSBURG: Net in een Casspir?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, as ek reg kan onthou, net ene, ek dink dit is net een gewees, ja.

ADV VAN RENSBURG: En hoe laat sou u om en by skat sou dit wees?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek weet nie, soos ek sê as ek kyk na my verklaring, so ongeveer so sesuur gewees. Ek sal meer gaan op die, dat dit nog, dit was nog pikdonker gewees.

ADV VAN RENSBURG: Pikdonker gewees?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Goed. U is toe na die hostelle toe, u sê ongeveer hoe ver van waar u toe was?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: So omtrent so 500 meter na 'n kilometer toe, dis nie baie ver nie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Toe u daar by die hostelle aankom, wat het u gewaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Toe het ons net deur die hostelle begin te beweeg en gesien daar brand voertuie, daar lê lyke.

ADV VAN RENSBURG: Van waar af het u begin deur beweeg? Van watter hostel praat u?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink dit is - kyk, ons het by hostel 3 begin, en vandaar af uit beweeg. Wel, ons het seker maar beweeg na waar die rook getrek het, en so het 'n mens begin beweeg deur die hostelle en kyk wat daar aan die gang is.

ADV VAN RENSBURG: Voor hierdie stadium, het u op enige stadium enigsins geweerskote of ontploffings gehoor?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink nie voor ons uit beweeg het nie, ek dink terwyl ons daar was, was daar 'n ontploffing gewees, op daardie

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

toneel gewees, daar was 'n ontploffing, maar ek kan nie onthou dat ek geweerskote gehoor het nie.

ADV VAN RENSBURG: Het u die ontploffing gesien?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: Waar, by watter hostel het dit plaasgevind?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ons het die klank gehoor.

ADV VAN RENSBURG: Die klank gehoor?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit was aan die agterkant gewees.

ADV VAN RENSBURG: Nee, goed. Het u later vasgestel waar die ontploffing plaasgevind het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ons kon nie vasstel waar was dit gewees nie.

ADV VAN RENSBURG: Op pad na die hostelle toe, het u enigsins mense gewaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Daar het mense weggehardloop van die hostelle af in verskillende rigtings.

ADV VAN RENSBURG: Sou u sê dit was redelik, dit was onveilig om op daardie pad te beweeg op daardie stadium? Ek praat nou van die, ek dink dit is die P88?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek sal nie sê dit was onveilig nie, maar daai tyd was alles onveilig, u weet, as so 'n situasie ontstaan is dit nie veilig om werklik iewers te beweeg nie. Jy weet nie wat kan gebeur nie.

ADV VAN RENSBURG: Het u enige ander polisie gewaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: As ek reg kan onthou ... (tussenbeide).

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Of Weermag, of Weermag.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Weermag, seker die Polisie, ja, ek dink op 'n stadium deur ons roete deur die hostelle, ek weet nie of dit daarheen was of die later een nie, het ons mense van die onlus-eenheid gekry.

ADV VAN RENSBURG: Waar het u die mense van die onlus-eenheid gekry?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: By die hostelle rond.

ADV VAN RENSBURG: Ja, nee, maar die Sebokeng-hostel is soos u tog sekerlik weet, is nogal 'n groot kompleks. Praat ons van hostel een, hostel twee, hostel drie, hostel vier?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek kan nie onthou nie, presies waar, presies watter ... (tussenbeide).

ADV VAN RENSBURG: Was dit naby waar die uiteindelike vaskering van die Inkatha-lede plaasgevind het, het julle hulle daar gewaar of het jy hulle op 'n ander plek gewaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is moeilik om te sê.

ADV VAN RENSBURG: As u dalk my net 'n oomblik, as ek u 'n kaart gee van die hostelle, sal dit u dalk help?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, dit sal moeilik wees, u weet, om ... (tussenbeide).

ADV VAN RENSBURG: Ek dink ek gaan u in elk geval 'n kaart gee, miskien help dit om u geheue te verfris.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u intussen vra. Het u enige Weermag-voertuie, Weermag-patrollies daar gesien?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nie waarvan ek onthou nie.

ADV STEENKAMP: U het nooit die Weermag in kennis gestel of iets van die aard nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV STEENKAMP: Okay.

ADV VAN RENSBURG: Tot op die stadium wat u op die - ingelig is, van die gebeure daardie oggend, sou die sentrum waarvan u gepraat het wat kontak moes handhaaf met ander eenhede in die gebied, sou hulle al 'n boodskap uitgestuur het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hulle moes.

ADV VAN RENSBURG: Hulle moes? In ander woorde, hulle sou die onluste-eenheid ensovoorts gekontak het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, hulle moes.

ADV VAN RENSBURG: En die onluste-eenheid aan hulle kant sou vir u gekontak het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nie noodwendig nie. U weet die Munisipale Polisie is in 'n baie ondersteuningsrol gewees daardie tyd. Baie sal ek sê, hulle was nie opgelei om onlus-situasies te hanteer nie. So die regte ouens wat moes uitkom was die onlus-eenheid en hulle moes beheer vat van die toneel en hulle moes die ding vandaar vat, en het hulle ons hulp nodig gehad, dan moes hulle ons - die Munisipale Polisie gekontak het.

ADV VAN RENSBURG: Goed. As u nou na daardie kaart van u daar kyk, van watter rigting het u gekom, as ons nou na hom kyk bo, Sebokeng hostelle is noord. Waar staan Sebokeng-hostelle is die noordelike kant van die ...

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

ADV VAN RENSBURG: Van waar af het u gekom?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ons moes uit die suide uitgekom het. Dis die enigste pad in.

ADV VAN RENSBURG: Is dit die enigste pad in?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: En waar het u begin om in die hostelle te patrolleer?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sou sê ons het begin hier by hierdie blok 3, waar ons die rook gesien het en waar die voertuie aan die brand was. So jy sou beweeg het na die punt toe waar die moeilikheid was, of daar waar daar probleme is.

ADV VAN RENSBURG: En waar - hoe lank nadat u daar inbeweeg het, het u onluste-polisie gesien?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Meneer, ek sal nie sê, dit was nie onmiddellik nie, dit was tydens ons ondersoeke het ons hulle gekry, tyd 10 minute, 15 minute, kon dit gewees het.

ADV VAN RENSBURG: En as u dan na daardie kaart kyk, waar min of meer het u hulle aangetref?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek kan nie, ek kan u nie antwoord nie, regtig, ek kan nie sê of dit by hostel 3 was of hostel 4, of bo by hostel 13 nie. Ek sou aanvaar dat dit, ek sal ook moet sê dat dit in die omgewing was waar die voertuie gebrand het, want 'n mens beweeg altyd na daardie punt toe.

ADV VAN RENSBURG: So dit was in die omgewing van hostel 3 gewees?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sal dit nie kan bevestig nie, maar ek kan vermoed dat dit is waar dit was.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u 'n vraag vra wat vir my interessant is, wat ek wil vra. Dit is seker een van die grootste massamoorde in die Suid-Afrikaanse geskiedenis hierdie, dit is seker een van die heel grootstes, en ek twyfel of u in die geskiedenis, in die vorige, in u loopbaan tot en met nou, of ooit weer in die toekoms, ooit weer met so 'n ding te doen gaan kry. Ek vind dit baie snaaks dat u basies niks weet nie. U kan nie eintlik antwoord op enigiets nie. Is daar enige rede hoekom u nie hierdie ding kan onthou nie? U was een van die eerste offisiere op die toneel, in 'n groot saak wat 42 mense dood is, en u kan dit nie onthou nie? U kan nie vir ons sê wat ja of nee, waar u was, hoe dit was, waar dit was, wanneer hulle u gebel het, wie u sou bel, waarnatoe u sou gaan, u kan niks sê nie. Is daar 'n verduideliking hiervoor?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie, meneer, die probleem is ek probeer antwoord na die beste van my vermoë, wat ek sê maar dit is maklik om nou hier te sit en te sê maar dit of dit of dit. Ek probeer u help.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Toe u daar by hostel 3 se rigting daar binne-in die hostel ingaan, het u enigsins groepe mense gewaar of was daar geen persone nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Meneer, met ons eerste rit deur, nee, soos ek sê almal het weggehardloop van die hostelle af. Nee, daar was nie. Maar met ons tweede rit, toe ek uit is om versterkings te gaan haal, toe ons weer ingaan, toe het ek groepe gekry.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Hoeveel mense was daar saam met u in u Casspir? U was alleen in die Casspir. Ek bedoel, u was net een Casspir vanaf die Munisipale Polisie.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sal sê ons was seker omtrent seker so vier in daardie Casspir gewees.

ADV VAN RENSBURG: Dit was u, Van der Lith?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: En dan seker van die twee swart lede.

ADV VAN RENSBURG: En wie was dit?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie, dit kon Mkolokoto gewees het, dit kon van die ander lede gewees het, wat by sy kantoor aan diens was.

ADV VAN RENSBURG: Het enigeen van die inwoners van Sebokeng op enige stadium met u gekommunikeer, hetsy verbaal of tekens nou, tekens vir u gewys enigsins?

ADV STEENKAMP: Op watter stadium nou?

ADV VAN RENSBURG: Hetsy op pad na die hostelle toe of in die aanvanklike rit deur die hostelle om ondersoek in te stel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink op 'n stadium met die tweede rit het ons met van die inwoners gepraat, wat na ons toe gekom het en hulle ongelukkigheid uitgedruk het oor die skietery wat daar plaasgevind het.

ADV VAN RENSBURG: Wat het hulle vir u gesê?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, spesifiek, ek kan nou nie onthou nie, maar ek glo dat daar ongelukkig, wat gesê was was dat daar ongelukkigheid was oor die skietery wat daar plaasgevind het.

ADV VAN RENSBURG: Het hulle vir u 'n aanduiding gegee wie op hulle geskiet het, of het hulle net gesê hulle is ongelukkig oor die skietery?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: As ek moet sê, as ek reg moet sê sou ek sê dat hulle gesê het dit is die Zoeloes wat op hulle geskiet het.

ADV VAN RENSBURG: Het hulle vir u aanduiding gee waar die mense is?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: As u praat van 'n tweede rit; hoe verskil u eerste rit en u tweede - wat bedoel u by die eerste rit en die tweede rit?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: My eerste rit het daaroor gegaan dat ek gaan vasstel wat daar aangaan, en in die tussentyd, soos ek sê, het ek opdrag gegee dat daar versterkings moet kom, wat ek terug is na die Munisipale Polisiekantore toe, om daardie mense op te laai om in te beweeg, dat 'n mens dieper in die ding kan ingaan.

ADV VAN RENSBURG: In ander woorde, toe u die tweede keer terugkom, dit is waar u praat van u tweede rit?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: En om en by hoe laat was hierdie tweede rit?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet dit - tyd is moeilik, maar ek weet dit het al, dit het al begin lig raak, dit was al, kom ons sê, amper skemer, die son het al begin uitkom, 'n mens kon al beter waargeneem het.

ADV VAN RENSBURG: En met die tweede rit, waar het u die hostelle binnegegaan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek het die hostelle nie binnegegaan nie, ek dink hier by - waar is die kaart nou - hier by blok 3, wat die moeilikheid

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

was, ek het daar, dit is 'n redelike groot spasie van ie pad af, daar het ek 'n groep mense gekry en dit is die eerste gesprek wat gevoer was.

ADV VAN RENSBURG: In ander woorde, soos ons nou, soos u nou na die kaart kyk, aan die regterkant van die P88 voor die ingang van hostel 3, het u die groep mense daar gekry.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Aan die linkerkant.

ADV VAN RENSBURG: Aan die linkerkant?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: In ander woorde, tussen die hostel en die pad?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Het u 'n groot groep mense gekry. Het u met hierdie mense gekommunikeer?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ek glo ek het met hulle gekommunikeer.

ADV VAN RENSBURG: Was hulle aggressief?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Aggressief, ongelukkig oor wat plaasgevind het.

ADV VAN RENSBURG: Wat het hulle aan u meegedeel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: WSel, die tyd is jy moeilik, maar ek sal sê dit het alles gegaan oor die skietery wat daar plaasgevind het, dat die feit dat daar mense dood is, en dat die Zoeloes moontlik daarvoor verantwoordelik is.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Waar het u - het u vanaf die Casspir met hulle gekommunikeer of hoe? Of het u uitgeklim en met hulle gepraat?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink ek het uitgeklim.

ADV VAN RENSBURG: Is dit? En waar het die Casspir op die stadium gestaan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Daar by die hostelle, daar wat ons gepraat het met hulle.

ADV VAN RENSBURG: Ander polisie, was daar toe ander polisie op die toneel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis moeilik, ek dink van my ander lede het al begin bykom daarso wat met die sagtebakvoertuie was, hulle het begin bykom. Ek dink van die onluseenheid se mense het ook begin bykom daarso.

ADV VAN RENSBURG: Maar reeds op die eerste rit, het u al onluseenheidpersone gesien op die toneel.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, daarvan is ek seker.

ADV VAN RENSBURG: Was hulle met die sagtebakvoertuie of Casspirs op die toneel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek is seker hulle was ook met 'n Casspir daar.

ADV VAN RENSBURG: Met een Casspir?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Net met een?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Goed. U het al by beide die nadoodse ondersoek na hierdie voorval, asook in verband met die Temba Khosa saak, in die verklaring

wat u daar voor u het, u het al oor hierdie geleentheid getuig. Nou u praat van u het sesuur by die toneel aangekom. Nou was dit die eerste aankoms of was dit die tweede aankoms?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Sesuur was my eerste aankoms.

ADV VAN RENSBURG: So tussen sesuur het u rondgery in die hostelle. U het daarna teruggegaan en die lede gemobiliseer by die Sebokeng Polisiestasie. Is dit reg?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Nou hoe lank sou die proses min of meer geneem het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nie lank nie. Die eerste keer het ons net deurgekyk wat daar aangaan, gesien hier is probleme. In die tussentyd was die mense gemobiliseer, uitgekom, opgelaai en weer terug.

ADV VAN RENSBURG: Het u lyke gewaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Die eerste keer toe u deur is.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Het u enigsins nader ondersoek ingestel waaraan die lyke dood is of na die lyke gaan kyk?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: So u het hulle op 'n afstand gewaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, uit die Casspir uit het ek hulle gewaar.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Hoeveel lyke het u min of meer gesien, as u nou rofweg moet sê?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Vier, vyf, ses.

ADV VAN RENSBURG: By die munisipale polisiestasie het u die lede wat toe daar aangekom het, het u hulle ingelig oor die situasie aldaar by die hostelle?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Het u met hulle basies 'n plan bespreek, vir hulle gesê wat van hulle verwag word as hulle uitgaan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink die eerste ding wat gesê is, daar was nie werklik 'n plan, maar dit sou gewees het dat kom ons gaan uit, kom ons kyk wat gaan aan, dat ons beter vasstel, dat ons mekaar kan ondersteun. Hier lê lyke en hier brand voertuie. 'n Ou is vir jou eie lewe is 'n mens ook bang. Nou het jy ondersteuning. Nou kan jy met meer gerustheid in detail gaan ondersoek wat aangaan.

ADV VAN RENSBURG: Het u vir hulle gesê waar hulle hulleself moet posisioneer of waar hulle moet ingaan in die hostelle of het u maar sommer net gesê ons ry almal hostelle toe?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Die eerste ding sou gewees het dat almal hostelle toe ry, sodat die Casspirs wat daar sou wees, dat hulle in die hostelle inbeweeg en dat die ander sagtebakvoertuie aan die buitekant sou bly en beweeg, tot 'n mens seker was van die situasie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Nadat u met hierdie mense gepraat het, hoe lank het u min of meer met hulle gepraat, hierdie eerste groep wat u daar met die tweede rit buitekant die hostel gekry het?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek dink nie dit was baie lank nie, ek dink dit was 'n kwessie van minute gewees.

ADV VAN RENSBURG: Was hulle enigsins met iets gewapen, stokke, ysters, vuurwapens?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hulle het stokke, ysters gehad.

ADV VAN RENSBURG: Maar hulle het u nie gedreig nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, hulle het my nie gedreig nie. Hulle was net baie omgekrap gewees.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Wat het u volgende gedoen?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek dink dit was toe Temba Khosa op die toneel aangekom het.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Nou van waar af het Temba Khosa gekom?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: As ek kan onthou, uit dieselfde rigting wat ons in die hostelle in beweeg het.

ADV VAN RENSBURG: In ander woorde, uit die suide uit, langs die P88-pad?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Nou het u geweet dit is Temba Khosa wat na u toe aankom, hoe het u ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek het nie geweet dit is Temba Khosa nie, ek het hom nie geken nie.

ADV VAN RENSBURG: Nou wat se motor wat na u toe aangekom het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is 'n blou Nissan Sentra gewees, wat by ons gestop het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Goed. Het u agtergekom dat die blou Nissan Sentra nie nommerplate op gehad het nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, u sien, nee, ek kan nie dit sê nie, ek - ek kan dit nie onthou nie.

ADV VAN RENSBURG: Daar was verskeie polisie-offisiere op die toneel. Het geeneen van die ander aan u genoem dat die motor wat nou net by u aangekom het, geen nommerplate op gehad het nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek dink op daardie stadium toe die motor by ons aangekom het, het 'n ou nie daarop gelet nie. Later het ons gesien dat hy het nie nommerplate op nie, maar nie op daardie stadium wat hy aangekom het nie. So ek kan nie spesifiek oor die nommerplate antwoord nie.

ADV VAN RENSBURG: Senior-superintendent, as 'n polisieman let 'n mens tog sekerlik op goeters soos nommerplate. Was daar baie voertuie op daardie pad daardie oggend gewees?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sal nie sê daar was baie nie, maar daar was, maar meer polisievoertuie.

ADV VAN RENSBURG: Die polisievoertuie en een ander voertuig?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Sonder nommerplate. En nie een van die polisievoertuie of polisiemanne merk op dat hierso kom 'n voertuig aan sonder nommeplate nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: U sien, 'n ou staan met mense en onderhandel en praat wat ongelukkig is. Daar stop 'n voertuig by jou, en hier

klim 'n man uit. Nou gaan kyk die mense nie eers of die voertuig nommerplate aanhet of wat nie. 'n Mens het nie spesifiek op daardie stadium gelet daarop nie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Die persoon klim toe uit. Het iemand aan u meegedeel dat dit Temba Khosa is voor hy by die motor uitgeklim het of het hy hom aan u voorgestel as Temba Khosa?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hy het homself aan my voorgestel as Temba Khosa.

ADV VAN RENSBURG: Nou die persone waar hy mee gesels het, het geeneen van hulle hom herken as Temba Khosa nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek weet nie. Wat, van die groep of van die ...

ADV VAN RENSBURG: Ja.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, ek weet nie.

ADV VAN RENSBURG: Want u sê u was besig om met hulle te onderhandel toe die motor by u stop. So ek neem aan julle was baie naby aan mekaar.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ons baie naby aan mekaar gewees.

ADV VAN RENSBURG: In ander woorde, die mense het die persoon ook gesien?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Nou hierdie selfde mense beweer dat Temba Khosa die leier was van 'n groep wat hulle daardie aand sistematies geskiet het ensovoorts. Wat ek aan u vra, is het geeneen van die persone aan u gestel dat dit Temba Khosa was of die leier was van die groep of 'n persoon wat daardie aand gesien is nie?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: Nee?

MNR WAGNER: Ekskuus, mnr Van Rensburg, laat ek net die vraag reg verstaan. Sê u dat die mense met wie mnr Van der Westhuizen gestaan en praat het, hulle het gesê Temba Khosa het op hulle geskiet? Is die vraag? Het ek u reg verstaan?

ADV VAN RENSBURG: Ja, u verstaan dit reg. As u deur daardie dokumentasie lees sal u sien daar is verskeie bewerings, in die veiligheidspolisie verslae ook, waar die mense dit aan die polisie gestel het. U weet self, maj Conradie het dit ook daardie informasie van die mense buitekant die hostelle ontvang.

MNR WAGNER: Ja, ek is nou jammer, ek wil nie u onderbreek nie, maar ek wil net seker maak, die mense met wie Van der Westhuisen staan en onderhandel, is hulle die mense wat sê Temba Khosa het op hulle geskiet en toe stop Khosa daar by hulle? Is dit die ...

ADV VAN RENSBURG: Nee, al wat ek aan snr-supt Van der Westhuisen vra, is of die persone enigsins vir hom so iets meegedeel het, dat dit Temba Khosa is, of dat hy een van die persone was wat betrokke was daardie aand.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV VAN RENSBURG: Het hulle enigsins aggressief teenoor mnr Khosa voorgekom?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: In watter wyse?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, daar was 'n roering onder die mense gewees, veral toe hy homself voorstel as Temba Khosa, van die IFP se, ek dink se jeugliga, as ek reg is.

ADV VAN RENSBURG: 'n Roering, en u sê hulle was gewapen met stokke, ensovoorts. Het hulle enigsins iets anders gedoen of het hulle maar bloot, u praat van 'n roering, getoon?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: 'n Roering.

ADV VAN RENSBURG: Wat bedoel u by 'n roering?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: U weet, dit is stil, dit is kalm en dan kom hierdie ou en hy sê hy is Temba Khosa, en almal ken Temba Khosa as 'n Zoeloe. Die mense beweer dit is die Zoeloes wat hulle aangeval het, en dan sê hulle "ugh", u weet, hierso, hierso is nou die hoofman van hulle.

ADV VAN RENSBURG: Het u op enige stadium gevoel dat Temba Khosa se lewe dalk in gevaar is?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nie op daardie stadium nie. Nie op daardie stadium nie.

ADV VAN RENSBURG: So u het nie dit nodig geag om enige stappe te doen, te neem om hom weg te neem of ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nie op daai onmiddellike stadium nie, wat hy daar aangekom het en wat ons begin praat het nie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. So u het daar gestaan, die groep mense het daar gestaan en die motor het daar gestaan, baie naby aanmekaar by die ingang van hostel 3, as ek u reg verstaan.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Goed. Wat het mnr Khosa toe aan u meegedeel nadat hy vir u voorgestel het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wel, soos ek sê hy het hom dan self aan my voorgestel wie hy is. Ek dink hy het nog beweer dat sy mense word aangeval of word bedreig deur die mense van buite die hostelle, en dat hy ongelukkig voel oor die polisie se optrede. En dat hy nie met my wou praat nie.

ADV VAN RENSBURG: Met ander woorde, was hy aggressief teenoor u?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hy is nie aggressief nie, hy was omgekrap, ongeskik.

ADV STEENKAMP: Kol Van der Westhuizen, sê eers vir my, was Khosa bewapen gewees?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nie wat ek van weet nie.

ADV STEENKAMP: Seker daarvan?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek is nie seker nie, ek het hom nie deursoek nie.

ADV STEENKAMP: Was u seker daarvan dat u hom nie deursoek het nie? Het u sy voertuig deursoek?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV STEENKAMP: Hoekom nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, daar was, ek het dit nie op daardie stadium nodig geag nie, hier het 'n man van buite af op 'n toneel aangekom, en hier is ek besig met onderhandelinge om te kyk hoe kan ek die ding oplos. So om nou te los en hier 'n man te deursoek vir iemand op wie ek nie

eers 'n suspisie het of 'n voertuig deursoek, op wie ek nie 'n suspisie het nie, ek dink nie dit is prosedure nie.

ADV VAN RENSBURG: Terwyl mnr Khosa hier 'n paar dinge aan u meegedeel het, was die skare mense nog by u?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ek dink ons het al begin weg beweeg van hulle, maar hulle was nog in daardie omgewing gewees.

ADV VAN RENSBURG: As u praat van begin weg beweeg, het u saam gestap in 'n rigting of hoe het u weg beweeg?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek dink ons het net begin uitmekaar uit begin beweeg, oor daar 'n roering was onder hierdie mense, het 'n ou, het 'n ou bietjie begin weg beweeg van hulle af om hulle te probeer kalmeer en dan eenkant te praat met die man en te hoor wat is sy storie.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Het hy enigiets anders aan u meegedeel, nadat hy vir u gesê het hy wil nie met u praat nie. Met wie wou hy praat?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hy wou net met die distrikskommandant van die polisie praat, kol Fourie.

ADV VAN RENSBURG: Wou hy net, het hy aangedring om met hom te gesels?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV VAN RENSBURG: Goed. Mnr Khosa het dit nêrens op enige stadium en u ook nie, in beide daardie dossier gemeld dat hulle aangedring het om met die distrikskommandant te praat nie. Nou hoekom het u dit nie gemeld nie?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: In watter dossier is dit nou?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV VAN RENSBURG: Dit is die dossier, die Temba Khosa, onwettige besit van wapens dossier.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie. Ek dink dit het uitgekom by die GDO ook. Ek weet nie hoekom is dit nie hier gemeld nie, ek kan dit nie nou verduidelik nie, maar dit is wat gesê was.

KOL KILLIAN: Mnr Van der Westhuisen, die afskrif van u verklaring wat u nou voor u het daar, gedateer 19.9.1990, is dit die enigste verklaring wat u in hierdier verband gemaak het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: In die besit van die vuurwapens, ja.

KOL KILLIAN: Nee, met betrekking tot die optrede by die hostel.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, nee, daar is 'n ander verklaring ook.

KOL KILLIAN: So daar is meer as een verklaring.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

KOL KILLIAN: Hierdie verklaring van 19.09, is dit die eerste een wat u gemaak het met betrekking tot hierdie voorval?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek is nie seker nie.

KOL KILLIAN: Die voorval het op 3,4.9 plaasgevind, né?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

KOL KILLIAN: En u het - ekskuus tog, 4.9.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

KOL KILLIAN: En die verklaring het u op 19.9 afgelê?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

KOL KILLIAN: Ek wil tog net hier 'n paragraaf van u verklaring vir u aanhaal. U het nou net gesê in u getuienis dat terwyl u met hierdie skare besig was om te onderhandel, het Temba Khosa sy opwagting daar op die toneel gemaak.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

KOL KILLIAN: Die heel laaste paragraaf van u, van bladsy 1 van u verklaring, sê egter - en dit is u verklaring:

> "Voordat ek met die groep by die ingang kon praat, het daar 'n blou Nissan Sedan stilgehou. 'n Swart man het uitgeklim en hom aan my voorgestel as Temba Khosa."

Dit sê, spreek die teendeel van wat u nou so pas getuig het.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ja.

KOL KILLIAN: Kan u vir ons dit verduidelik?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek kan dit nie vir u verduidelik nie.

ADV STEENKAMP: Miskien moet ons 'n bietjie verder gaan. U sien, en ek stel dit aanu dat ek het 'n probleem in die eerste plek met u geheue, en in die tweede plek het ek 'n probleem met wat u getuig het sover, en ek sal vir u sê hoekom. U sien die verklaring van Mkolokoto sê Mkolokoto dat ten minste, het u vir homself vertel dat u die vuurwapen, 'n vuurwapen by Temba Khosa geneem het. Ek kan vir u aanhaal:

> "After the shooting, I, together with my colleagues of the Municipal Police, ran into the entrance of ..."

Okay.

> "There personally, I saw Temba Khosa handing Van der Westhuisen a hand-gun. Khosa was close to the entrance of the hostel where he handed Van der Westhuisen the hand-gun."

Wie was dié Van der Westhuisen? Is dit u?

MNR WAGNER: Mnr die Voorsitter, mag ek hier inkom, asseblief. Ons gaan ongelukkig vandag 'n lang argument hê oor die verklaring van Mkolokoto wat in die bundel is wat julle vir my gestuur het, wat oënskynlik deur mnr Van Rensburg geneem is. Dalk is dit nou 'n geleë tyd om daaroor te praat, dalk later, maar my instruksies is, en ek het met redelike ontsteltenis daarvan kennis geneem, oor die wyse wat hierdie verklaring bekom is van mnr Mkolokoto. Miskien meot ek dit sommer nou op rekord plaas.

Ek vind dit totaal onaanvaarbaar, as my instruksies korrek is, bygesê, dat daar vir 'n junior lid van die polisie gesê word dit en dit en dit is die feite, ons het reeds 'n beëdigde verklaring van die kolonel wat dit sê, en dan gaan die arme man en dan beaam hy dit. Terwyl dit hoegenaamd nie die waarheid is dat daar ooit so 'n verklaring so bestaan nie.

ADV STEENKAMP: Kan ons vra wie is die kolonel waarvan ons nou praat? Is dit hierdie kolonel?

MNR WAGNER: Dit is hierdie kolonel. Dit is my instruksies. So ons gaan nog 'n lang argument vandag hê oor Mkolokoto se verklaring, die wyse waarop dit bekom is deur mnr Van Rensburg, die wyse waarop daar agterna met mnr Van Rensburg geskakel was oor die inhoud van die verklaring, en hy nie daarop

gereageer het nie. So ek gaan dit nou op rekord plaas dat alle vrae wat gevra word of vir soverre u hier op 'n weergawe wil probeer steun soos vervat in 'n ongetekende verklaring van Mkolokoto wat in die bundel vervat is, gaan ons ongelukkig 'n lang argument hê, en ek wil voorstel dat ons aangaan sonder om te veel na daardie verklaring te verwys.

ADV VAN RENSBURG: Mnr Wagenaar, as ek u die getekende weergawe bring, kan ons dan voortgaan daarmee?

MNR WAGNER: Nee, die argument is presies dieselfde, of hy geteken is of nie, maar my instruksies is dat daar is dinge gesê vir Mkolokoto wat nie waar is nie, op grond waarvan hy hier geforseer is in 'n situasie en om 'n verklaring te maak wat nie korrek is nie.

ADV STEENKAMP: Laat ons net opheldering kry wat se ... (tussenbeide).

DR ALLY: Let's not get into an argument on that. Just to point out that it does say clearly that the statement is made under oath. So one would assume then that Sgt Mkolokoto would understand what it means to make a sworn statement, that we do, as you know, have those powers, the Commission actually has those powers to call people in and for them to make statements under oath. To the best of our knowledge, there was absolutely no coercion.

MR WAGNER: Mr Chairman, sorry, were you present when the statement was taken?

DR ALLY: No, but because it is said it is under oath and it is signed, is very difficult, I mean, I must accept then that the investigator who is involved, Mr Van Rensburg, would have explained to Sgt Mkolokoto what the implications were of this statement and therefore that is what I have to go along with. There

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

is nothing in the statement that says that I was forced to do this or that, or under duress. So I would suggest that we do not go into a lenghty argument on that now.

MR WAGNER: Okay.

DR ALLY: You will have an opportunity when Sgt Mkolokoto is present.

MR WAGNER: Okay, but I am ...

DR ALLY: And that would be the appropriate time to, for you to ask questions, because I assume you are going to be present when Sgt Mkolokoto is questioned. For him then to, if he wants to make an official complaint, for that to be into the record. But I think for the record we must assume that this is the statement, it was made under oath, and that the senior-superintendent has every right to contradict this statement as it is, and to give his version. So what we are doing is, we are testing versions, and this is a version which we have in front of us, which is signed, which has the status then of an affidavit. If the senior superintendent believes that this is actually wrong or inaccurate or a misrepresentation, then he has every opportunity now to place that on record and I would suggest that when Sgt Mkolokoto is present, that we can then discuss the actual merits of the statement. But it is not, we can't do both here, we have to go on the statement until we have Sgt Mkolokoto. We can then deal with the statement. So I would ask then that the senior superintendent responds to these questions and he has every right, as I say, to deny them and to contradict them.

MR WAGNER: Okay, we can proceed.

ADV STEENKAMP: Ek kan miskien vir u verder aanhaal, dan kan u maar net vir my sê of u saamstem of nie:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

> "Later Van der Westhuisen told me it was on the day that Col Fourie had scolded him for taking the weapon from Khosa, because it could have endangered Van der Westhuisen's life. Van der Westhuisen handed the gun to the policeman, I cannot remember who."

Is dit nou waar of nie, volgens u?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

ADV STEENKAMP: Nou waar sou Mkoklokoto hier aangekom het, volgens u?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie.

ADV STEENKAMP: Waar was Mkolokoto gewees tydens hierdie, was hy op die toneel gewees toe u met Khosa gepraat het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek kan nie sê waar was Mkolokoto op daardie stadium nie.

ADV STEENKAMP: Kolonel, wat kan u onthou van die voorval?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek kan onthou ... (tussenbeide).

ADV STEENKAMP: U kan niks onthou nie, lyk dit vir my.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Meneer, ons is op 'n toneel. Ek gaan mos nou nie sit en kyk hier is 'n man, dit is Mkolokoto, dit is Mkolokoto. Soos ek sê hy mag moontlik op die toneel gewees het, hy mag nie op die toneel gewees het nie. Ek kan ongelukkig nie vir u sê presies waar was elkeen van my manskappe nie. Ek kan dit ongelukkig nie doen nie. Ek is jammer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DR ALLY: Let's go back to the colone's question about your own statement, where you do give, where there is a contradiction, as you yourself acknowledge and you didn't really offer an explanation. I think that it would be helpful if you actually try and offer an explanation why in your own statement there is this contradiction in terms of the sequence of events. Maybe the colonel can repeat it and if you could just try and cast your mind back and see what would be a reasonable explanation for why there is this inconsistency.

KOL KILLIAN: Mnr Van der Westhuizen, om terug te kom na die verklaring. As u u geheue laat teruggaan, het u u eie verklaring uitgeskryf in verband met hierdie insident of was 'n verklaring deur 'n ander persoon van u afgeneem met betrekking tot die feite van hierdie insident?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sou sekerlik my eie verklaring afgeskryf het.

KOL KILLIAN: So dan moet ons die juistheid van daardie verklaring aanvaar?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ja.

KOL KILLIAN: Maar dit is nou duidelik dat daar is verskille.

ADV STEENKAMP: Ekskuus tog, ek wil net daar bylas. Dit het lyk u het goed uitgelaat. U praat van 'n tweede keer wat u die hostelle by gaan woon het. Daardie hele insident van teruggaan, die mense optel, is nie in die verklaring nie. Nie die een wat ek voor my het, in elk geval nie.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, dit is ...

ADV STEENKAMP: Dit is tog u eie verklaring.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, dit is vir my ongelukkig jammer, en ek het dit vir my regsverteenwoordiger ook gesê, is die feit dat ek nie die

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

verklaring het wat ek gemaak het in die geregtelike doodsondersoek vir Strafford Kommissie nie. Hierdie verklaring was gemaak ten opsigte van die onwettige vuurwapens. Dit is die verklaring wat die ondersoekbeampte by my sou kom haal het oor die besit, nie oor die spesifiek, oor die groter geheel wat in die GDO gemaak is nie.

KOL KILLIAN: Het u die verklaring wat u nou, u praat van in die meervoud van vuurwapens. Het u dan op meer as een vuurwapen beslag gelê by hierdie toneel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek het ...

KOL KILLIAN: Of praat u net van die enkele vuurwapen wat nou na bewering aan u oorhandig sou gewees het?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ek - eerstens het ek nie beslag gelê op geen vuurwapens nie, meneer, ek het op geen vuurwapens beslag gelê nie.

KOL KILLIAN: Nou waarop het hierdie eerste verklaring van u dan betrekking?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit was die verklaring wat in die besit van vuurwapen-dossier was.

KOL KILLIAN: Ja?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Of vuurwapens-dossier was.

KOL KILLIAN: Ja, maar daar is geen verwysings na vuurwapen in hierdie verklaring nie, wat maak dit dan in die vuurwapen-besit dossier?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie. Dit is 'n verklaring wat hulle van my kom neem het oor wat daar - oor die omstandighede daar.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

KOL KILLIAN: U weerspreek u self nou pas weer. U het netnou gesê daardie verklaring het u self uitgeskryf. Nou sê u dit is die verklaring wat hulle van u kom neem het.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Of kom versoek het, meneer, almal hamer my nou hierso en een dié kant toe en een dié kant toe.

KOL KILLIAN: Nee, ek probeer ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: U weet, dit is moeilik om vir my - eerlik, ek wil u graag help en sit maar soos ek nou hier sit word ek baie, soos die Engelsman sê ge-"confused" oor feite wat daardie tyd terug gebeur het, wat ek graag in herinnering probeer roep om die ding op te los. Maar dit is duidelik dat ek nie, dit lyk of ek nie geglo word nie en dat ... (tussenbeide).

KOL KILLIAN: Nee, dit is nie dat ons nie glo nie, ons probeer net die waarheid by uitkom.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja. Ja.

KOL KILLIAN: Dit is die hele doel van die ondervraging, dat ons die geheelbeeld ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg.

KOL KILLIAN: ... die korrekte prentjie kry van die gebeure wat daar plaasgevind het.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dis reg en ek probeer dit na die beste van my vermoë vir u verduidelik.

ADV STEENKAMP: Kolonel, kan ek net miskien 'n voorstel maak op die Mkolokoto verklaring wat u daar voor u het. Miskien moet ons vir u geleentheid gee om na Mkolokoto se verklaring te kyk. Dan moet u vir ons sê met wat stem

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

u daarmee saam in sy verklaring, en met wat stem u nie saam nie. Dit is F1. Kyk net daar waar, ek weet nie of u wil kans kry om dit te gaan lees eers nie, in billikheid, en dan kan u miskien vir ons sê met wat stem u saam, met wat stem u nie saam nie. Dan kan ons nou almal weet met watter gedeelte verskil u. Kolone, is dit "all right"?

MNR WAGNER: Kan ek vir u so vra, mnr Steenkamp. Wil u hê ons moet soort van paragraaf vir paragraaf kommentaar lewer van vooraf? Dit sal die vinnigste wees, of wat stel u voor?

ADV STEENKAMP: U kan maar net sê wel, ek stem glad nie met die verklaring saam nie of ek stem met bladsy 1 en 2 saam, ek stem glad nie met bladsy 3 saam nie, of - net in billikheid, want ek is nie seker wat die manne mee verskil nie.

DR ALLY: I think we should confine ourselves to the paragraphs which have direct bearing on your client. The first one would be paragraph 5, where Sgt Mkolokoto says:

> "I phoned Capt Van der Westhuizen, who at the time was head of the Lekoa Municipal Police. Capt Van der Westhuizen said that he will wash and phone Warrant-Officer Van der Lith and then come to the police station."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit mag so wees.

ADV VAN RENSBURG: Is dit korrek?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit mag so wees.

ADV VAN RENSBURG: Is dit waar?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek sê dit mag so wees, meneer, ek - weer sê ek ek kan nie onthou wie het my almal (onduidelik).

ADV VAN RENSBURG: So u kan nie betwis dat dit waar kan wees nie.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is moontlik, ja.

ADV VAN RENSBURG: Now 7, he says:

> "I am not sure about the time, but it could be, according to my estimates, round about three o'clock when Van der Lith started the Casspir. About half-an-hour later Van der Westhuizen arrived."

That would make it round about 3,30 that morning.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit kan so wees.

ADV VAN RENSBURG: U antwoord is dit it is waar?

MR WAGNER: Ek glo nie die getuie kan getuig oor die tyd wat Van der Lith daar aangekom het nie, want hy was toe nog nie daar nie.

DR ALLY: No, his time.

MR WAGNER: His time, he can only give evidence on the time he arrived there.

DR ALLY: Which, according to the statement, it is suggested that it was half past three in the morning. Okay.

> "Before Van der Westhuizen arrived and while Van der Lith was already at Lekoa police station, we heard gun shots."

Then paragraph 9 -

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

"So this would be about four o'clock in the morning then. Myself, Van der Westhuizen, Van der Lith and two other black municipal policemen climbed into the Casspir. Van der Lith was driving the Casspir. We drove to the hostel. 6 Around four o'clock or maybe later, we drove into hostel one, using the main entrance."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit mag so wees, dit kan later wees, ek weet nie, dit was donker gewees.

DR ALLY: Het die voorval gebeur? But this incident did take place, the time is in dispute, but the incident is not in dispute.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: No.

DR ALLY: The event, that you actually did drive to the ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ons het na die hostelle toe gery.

DR ALLY: Then paragraph 10:

"We saw a group of people standing to the main road, P38, or Moshoeshoe Street."

ADV STEENKAMP: Kan ons dalk net opheldering hierso kry. Dit is duidelik hierso dat daardie P38 nie die regte nommer is nie, dit is 88.

DR ALLY:

"The people were shouting and pointing fingers at us. I got the impression that the people were suggesting that we, as police were doing nothing."

Do you remember such an incident, as you were driving with the Casspir?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Op die eerste rit, nee.

DR ALLY:

> "I did not see any bodies, we saw smoke coming out of hostel one. We did not stop. We turned around and returned to the Lekoa police station."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

DR ALLY: Because this is in direct contradiction with the statement which you actually make about your first visit, because you say that that's when you saw bodies and that is why you went for reinforcement.

MR WAGNER: Sorry, Mr Chairman, it is not a contradiction. Mkolokoto says he saw no bodies. This witness said he saw bodies.

DR ALLY: No, I am saying statement is in direct contradiction with what the witness says.

MR WAGNER: No. No, Mr Chairman. Here is someone saying he did not see any bodies.

DR ALLY: But do you believe that that is conceivable, that four people in a Casspir driving through, would - and only one person sees bodies and the other person doesn't see bodies. Don't you think that it - that a logical thing would be that if Snr-Supt Van der Westhuisen saw bodies, he would mention it to the others and say "daar is 'n lyk, daar is 'n lyk". Do you not think that they would discuss it? Is it possible that in a scene like this with the violence and the carnage, one person sees a body and somebody else doesn't see the body? Is that conceivable?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MR WAGNER: Mr Chairman, I think that is a question to ask Mr Mkolokoto.

DR ALLY: I am asking you, do you believe that that is conceivable that in that unrest situation ... (intervention).

MR WAGNER: If I may testify - if I may testify, not on oath. I have been in a Casspir many times in my life, and depending on where you sit in the Casspir, depending on which time of day and night you may or may not see things.

DR ALLY: Okay, let us proceed then. So -

> "Capt Van der Westhuizen had a hand radio."

That is paragraph 12 -

> "He contacted Lekoa police station and asked that all of the police members should be called in. I was taken back to the police station, because I had to write the names of the officers in the SAP15."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit mag so wees.

DR ALLY: Okay.

ADV STEENKAMP: Tewens u verskil nie van dit nie? U verskil nie daarmee nie.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, dit mag so wees, ja.

DR ALLY: Let me just go to paragraph 14:

> "At the police station I wrote the SAP15s and waited for the other police to arrive. I was dropped at around 5 or 5,30. When Van der Westhuizen had dropped us, he told us that he was going back to the hostels. He returned after I

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

> had contacted him because our members had arrived. Van der Westhuizen came to Lekoa police station. We all left at six for the hostels."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit mag so wees.

DR ALLY: So dit was drie keer dat jy na die hostels - die eerste keer was Mkolokoto saam, die tweede keer was Mkolokoto nie saam nie en toe kom jy weer terug, volgens wat Mkolokoto sê. Volgens hierdie, dit is drie keer, nie twee keer nie.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

DR ALLY: "We then left at six o'clock for the hostels."

So that is the third, and this is the one with the reinforcements.

Paragraph 13:

> "We never saw any other police on the scene and I am under the impression that we were the first police to arrive on the scene."

That's Mkolokoto's statement about, which would be that first visit. Would that be correct, that you were the first police to arrive on the scene?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: On that scene, I would say yes. I think we were the first there. If there were - as daar mense voor ons daar was het hulle alreeds deurgegaan.

DR ALLY: To other places in the complex.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Yes.

DR ALLY: Paragraph 16 then. Okay, we are now going back to the hostels for the third time. The first time you were with Mkolokoto, according to your

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

statement. The second time Mkolokoto says you were on your own, he remained at the police station to do some admin work and then the third time, six o'clock in the morning, you leave for the hostels again -

> "Van der Westhuisen instructed all our members who did not have armoured cars, to take up position on the far side of the SP88 road opposite the hostels."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, dit mag so wees.

DR ALLY: So dit is net die Casspirs wat ingegaan het die aand.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

DR ALLY: At (indistinct).

> "There was a small group of people standing at the entrance to hostel 3 which was partially blocked by a Casspir. Van der Westhuisen's Casspir also drove to the entrance to hostel 3."

In ander woorde dit was twee Casspirs wat daar gewees het.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek, ek, dit is moeilik, dit kan so wees, ja.

DR ALLY: Okay.

> "At this stage a blue motor vehicle drove up to Van der Westhuisen's Casspir. A black man alighted from the vehicle. This man had a beard and I later heard that it was Temba Khosa. He

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

and Van der Westhuizen looked as if they had had an argument."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV STEENKAMP: Hy staaf basies u weergawe, hy sê presies wat u sê. Is dit reg so?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

ADV STEENKAMP: Hy sê presies wat u sê.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

DR ALLY: "At this stage the district commissioner, Col Fourie and Maj Conradie. It was roundabout seven o'clock or maybe a little past seven. They arrived simultaneously, they arrived together."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Hulle het daar aangekom maar ek het 'n probleem met die tyd. Ek sê dit was later gewees.

DR ALLY: They joined Van der Westhuisen for discussions with a group of people outside the hostel. This group was growing as people came down from Sebokeng in the P88 main road."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek sê ook hierso dat die tyd toe Fourie en Conradie daar aangekom het, was ons eintlik al half en half geblokkeer binne-in die hostel.

DR ALLY: Okay, but the point he is making, is that the crowd was growing.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: That's right. Ja, dis reg.

DR ALLY: He then says:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

"I heard one shot and saw the people out of the hostel, running from the northern wall. At this time there was an opening."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek weet nie, dit - ek weet nie, ek kan dit nie onthou nie.

DR ALLY: Were no shots fired at this point in time?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dit is ...

DR ALLY: Between the arrival of yourselves when you were stationed in there and when the Army comes in, because we know that there are shots fired once the Army comes in. But before the Army arrives on the scene, were any shots fired?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Yes.

DR ALLY: Shots were fired?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja, ja.

DR ALLY: And these shots came from which direction, and to the best of your knowledge, who actually fired these shots?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Die skote het gekom van die noordekant af, van die noordelike opening.

DR ALLY: Ja?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Wat, as ek moet sê, watter blok was ons, by hostel 3, blok BE.

DR ALLY: 3E.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: As u kyk, ons was op die suidelike punt van 3E.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DR ALLY: Ja?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Dan moes dit daar van die noordelike punt van 3E gewees het.

DR ALLY: So would it have come from people inside the hostel or would it have come from those who were gathering outside the hostel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ek kan nie sê nie.

DR ALLY: Okay.

> "After the shooting, I, together with my colleagues, the municipal police ran into the entrance of hostel 3. There I personally saw Temba Khosa handing Van der Westhuizen a hand-gun. Khosa was close to the entrance of the hostel when he handed Van der Westhuisen the gun."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee.

DR ALLY: Because what Sgt Mkolokoto is actually suggesting is that it is Temba Khosa who actually fired the shot and that this shot was fired at those who were actually gathering outside the hostel, and that there was an altercation between yourself and Temba Khosa, if you go back to paragraph 22, because you believed that by firing that shot, he had placed all of your lives in jeopardy, because that just made the crowd more and more angry.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, Temba Khosa het nie aan my 'n vuurwapen oorhandig nie, in my teenwoordigheid het Temba Khosa nie geskiet nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DR ALLY: So you totally deny ...

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

DR ALLY: ... the truth of paragraphs 21, 22 and 23.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: That's right, ja.

DR ALLY: That according to you, that never happened.

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: No.

DR ALLY: Paragraph 24 says:

> "When the shooting happened, Van der Gryp and Warrant Officer Peens were on the scene as well as Col Fourie, Maj Conradie, Capt Van der Westhuisen and Van der Lith were also on the scene."

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Nee, ek weet Fourie was daar, Conradie was daar, ek was daar, Van der Lith was nie op daardie stadium op daardie toneel gewees nie. Van der Gryp en Peens kan ek nie onthou nie.

ADV STEENKAMP: Maar u sê Conradie was op die toneel?

SNR SUPT VAN DER WESTHUISEN: Ja.

DR ALLY: So according to your recollection, no shot was fired by Temba Khosa, no gun was given to you, you did not reprimand Temba Khosa for firing the shot and for placing the lives of yourself and other policemen in danger. So paragraphs 21, 22, 23, 24 and 25 which says that -

> "Van der Westhuizen told me later that same day at the Lekoa police station that the people had shouted that Khosa had shot a person (indistinct)

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE